DAG 19

# ’n God wat praat

**Lees Hebreërs 1:1-14.**

*… maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun (v.2).*

Van die begin van die skepping af wil God graag met die mens praat. Tydens die ou verbond het God op baie maniere met die mens in gesprek getree. God wil dit nou in die tyd van die Nuwe Testament nog meer doen.

Hy wil openbaringskennis met die nietige mens deel. Die ander bronne van inspraak wil die gelowige net verwar. En die Here wou nog altyd gehad het dat ons moes eet van die Boom van die Lewe en nie van die Boom van Kennis nie. Die Boom van die Lewe is God se inspraak in ons lewe. Dit is die bron van die hele lewe.

As God met ons gepraat het, word ons bekragtig om die lewe se uitdagings die hoof te bied. Ons is egter nie altyd bedag daarop dat dit die Here is wat met ons praat nie. Daarom mis ons sy heilige inspraak in ons lewe.

Daar is 'n verskeidenheid maniere waarop die Here met ons wil kommunikeer. Ons beheptheid met onsself en baie ander aardse dinge verdoof dikwels die heerlikheid van sy stem en sy boodskap. Daarom moet die gelowige homself inoefen sodat ons die Here helder en duidelik kan hoor praat. Ons Here is 'n God wat praat, wat met ons elkeen persoonlik praat want Hy wil graag inspraak in ons lewe hê.

*Ek maak my lewe vandag vir U oop sodat u inspraak duidelik kan wees en ek vanuit u Woord kan leef.*

*Aantekeninge:*